
# 494 Wat ‘n Vriend het ons in Jesus







As versoeking en beproewing, of as kwelling ons bedreig,
laat ons nooit mismoedig word nie, laat ons bedes opwaarts styg.
Nêrens is ’n vriend getrouer as Hy wat ons node weet,
Jesus voel met al ons swakheid, en wil deel in al ons leed.

Is ons swak, gedruk deur laste, onder kommer neergedruk,,
dierbaar Heiland, onse Toevlug, o, bevry ons weer van druk!
As ons vriende ons versaak het, soek ons in gebed die Heer,
aan sy boesem is ons veilig, Hy vertroos ons keer op keer.

Joseph Scriven (1820-86) C.C. Converse (1831-1918)